A few rehearsed items were shown and two films directed by our own learners were part of the rest of this evening.

Mike Wang delighted us with his amazing piano solo and even our headmaster entertained us with his talent as a performer and writer. Even our Girls' High grade 12 learner joined in the fun.

Kultuurkamp

Op Woensdag 1 Februarie het al die lede van Cantare, die blaasorkes én die drumline, tesame met mnre Kühn en Salies; en mee Goldstone, en Von Mollendorf op die jaarlikse kultuurkamp, wat by die Bergkroon kampterrein in Bainskloof aangebied is, vertrek. Hulle gebruik hierdie paar dae om nuwe repertorium vir die jaar aan te leer en het elke dag gemiddeld ses tot agt ure geoefen. Die groepe het ook tyd ingeruim om visies, doelwitte en waardestelsels in plek te kry, en groepleiers aan te wys.

Daar word egter ook seker gemaak dat die akademie nie agterbly nie; twee uur per dag is opsy gesit vir huiswerk en hersiening. Tussendeur was daar darem ook tyd vir ontspanning, swem en lekker spanbouaktiwiteite!

Piekniekkonsert

On 1 March Paarl Boys' High played host to another wonderful picnic concert, with the majestic Paarl Mountain as backdrop. As always, our music students outdid themselves, and the audience thoroughly enjoyed every item. For the second year, we were also treated with top-class vendors, offering a myriad of delectable treats. The choir and wind band ended the night on a literal high note, after well-known band Jackal and the Wind performed some of their greatest hits. Another highlight was Old Boy Stuart Martin (now busy with Music studies at the University of Stellenbosch) and his jazz band, known as the Sun Quintet, that set the atmosphere for the evening with their brilliant improvisations.



Radikale redenaars

Christopher Tait word ook hier aangewys as die Wes-Kaapse wenner in drie kategorieë, naamlik Redenaars Moedertaal, Voorlees van 'n gedig, Reading a poem. Hy gaan dus aan hierdie nasionale ronde (ook in Oktober in Gauteng) deelneem.

Baie geluk aan al ons manne, nie net diegene wat op nasionale vlak gaan deelneem nie, maar aan elkeen wat ingeskryf en ons skool verteenwoordig het. Ons is trots op julle.

Dink of Sink Debat by Paul Roos

Ons manne neem ook kwartaalliks aan hierdie debat deel en as gevolg van die feit dat ons leerders ongelooflik veelsydig is en aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelneem, wissel die spanne op 'n weeklikse basis. Baie dankie aan elke Boishaaier wat so gemaklik inskakel om spanne vol te maak wanneer ons julle nodig het.

Music

Paarl Boys' High had a blistering second term, which was filled to the brim with exceptional performances all jam-packed into the month of May. First up was the Band Extravaganza, hosted by the University of Stellenbosch. Here, Suonare shared the stage with other schools such as SACS and Durbanville High School in a celebration of all things Wind band. Our own Mr Kühn capped the evening conducting the University of Stellenbosch Symphonic Wind Ensemble to rousing applause.

The following week the school hosted Grey College in our annual derby, which starts off with the Blue/Grey evening. In this event, the cultural groups of both schools come together for an evening of fantastic music before the sports teams trade blows on the sporting fields over the following days.

These marathon three weeks ended with the Windworx Fanfare, the only wind band eisteddfod of its kind hosted in South Africa. Our hosts, Wynberg Boys High School, opened the first evening, followed by the South African Naval Band and ending with the Windworx Ensemble, led by Mr Kühn for the first time this year. On Saturday, Suonare performed not once, not twice, but thrice! The afternoon featured both an informal and formal performance, and at the end of the evening, Suonare was invited to perform one piece at the closing concert.

Congratulations to all the learners of the wind band; they performed amazingly throughout this month while still having to contend with sporting matches and academic work. The band has grown exceptionally this term, and we look forward to the Orkesfees in term 3!

Blue/Grey evening

On the eve of every year's highly anticipated clash with Grey College, we enjoy an evening of camaraderie, friendship, and beautiful music. The Blue/Grey evening has, since the inaugural concert in 2012, established itself as one of the highlights of the Grey tour; this year was no different. Grey boasts a great variety of musical activities; we enjoyed listening to the marimba bands, gumboot dancers, Boeremusiek band, and the usual favourites like their string ensemble, Indomitus chamber choir and their school choir. Our own music department did not disappoint either, with our wind band and drumline being (as always) some of the crowd's favourites.

Mike Wang

A special word should be said to this immensely talented young man!

Mike Zining Wang wins the National Youth Music Competition.

Mike Zining Wang, a learner at Paarl Boys' High, has just been awarded first prize in the prestigious National Youth Music Competition for his extraordinary performance of Rachmaninov's Piano Concerto No. 2 in C Minor.

The National Youth Music Competition was designated for identifying and promoting the talent and abilities of young classical musicians.

Mike, born in China, moved to South Africa at the young and tender age of 8 and started taking piano lessons under the guidance of renowned Prof. Mario Nell, the director of the Conservatoire of Music at the University of Stellenbosch.

Mike, who is only in grade 10, is also a member of his school's chess club (which participated in the SA Nationals earlier this year) and a valuable member of their wind band. According to the school's band conductor, Reghardt Kühn (who himself was awarded the silver award at the 2022 National Conductors' Competition), "Mike is a wonderful and inquisitive learner who took on the opportunity to form part of a new musical ensemble with open arms. Although not his first instrument, Mike was able to slot into the percussion section with ease whilst being able to contribute to the overall product of the wind band".

On Thursday 15 June thirty excited teachers and students started their long weekend with a trip to the prestigious Cape Town City Hall, to support piano prodigy Mike Wang (Grade 11). Wang, aged 16, performed Rachmaninov's Piano Concerto No 2 as soloist with the Cape Town Philharmonic Orchestra, led by Dutch conductor, Arjan Tien. Even though this is one of the most challenging composers to master, Mike gave a phenomenal performance, earning him a standing ovation and an encore.

Louis Heyneman, CEO of the CPO, gives the reason why Mike was engaged as a soloist, even though still at school. "Mike's technical virtuosity and musical maturity has always impressed me. His overall win in the National Youth Music Competition last year confirmed my gut feel that offering him a performance with the CPO in a symphony season was not premature because of his prodigious talent, his approach to music and his consummate technical skills which allow him to tackle a concerto that many older and more experienced pianists just dream of."

Drama

Die HJS-Dramaleerders het ses voorstelle (*pitches*) in verskillende kategorieë ingeskryf en vyf daarvan is gekies vir die maak en instuur van 'n film. Ons voorleggings was vir 'n dokumentêr, animasie, twee kortfilms en 'n ander (oop) kategorie. Ons is dus hard aan die films skiet vir hierdie kompetisie. Die Black and White Theatre Club wat bestaan uit ons naurse Dramaleerders kry ook 'n kans om 'n kortfilm te maak. Ons is 'n groot span wat dankbaar is vir die geleentheid.

Joernalistiek :The Blue Print

Die HJS se skoolkoerant, The Blueprint, het hierdie kwartaal ingeskryf vir die landswye Netwerk24-Skolenuuskompetisie. Brent Goosen in graad 9 het die prys vir die beste sportberig met sy artikel, "Gysbert laat rekord spat," gewen. The Blueprint is ook genomineer vir die beste gedrukte skoolkoerant en die beste uitleg vir 'n skoolkoerant. Ons is baie trots op die redaksie en het groot verwagtinge vir volgende jaar en 2023 se kompetisie.

- [The Blueprint Vol. 23.1](#)
- [The Blueprint Vol. 23.2](#)

Suonare

On Saturday 20 May, the PBH Suonare performed at the WindWorx Fanfare at Wynberg Boys' High School, with an informal performance in the Amphitheatre from 13:00 to 16:00 and a formal adjudicated performance at 17:00 in the auditorium where they managed to receive a double gold.

Suonare and its members have experienced an extraordinary term of musical activities. In August, they hosted their annual Orkesfees, where they graced the stage alongside distinguished bands such as Wynberg Boys' and Girls' High Schools, the Frank Pietersen Music Centre, the Wynberg Progress Christmas Band, and, notably, the HJS Old Boys Band. The highlight of the evening was a spectacular collaborative performance, featuring members from all the aforementioned groups in a mass band. To conclude the night on a high note, the group accompanied the guest artist, Jak de Priester, as he performed his hit song, Sally Williams Nougat.

The band members' involvement did not stop there. Many of our learners also became part of the newly re-established Stellenbosch Youth Orchestra. Regrettably, this orchestra had faded into obscurity nearly two decades ago. However, through relentless dedication and hard work, the Stellenbosch University Conservatorium has successfully resurrected this ensemble. Remarkably, ten of our learners, including two former students, received the honour of being selected to perform with this orchestra – the largest representation among all participating schools. The orchestra's revival coincided with a fundraising event held at the university in support of the HearUS foundation, where an impressive amount of over R400 000 was raised for cochlear implants.



The inaugural performance of the re-established orchestra was conducted by our very own Mr Reghardt Kühn. We eagerly anticipate the continued growth of this ensemble and look forward to witnessing more of our learners' involvement in its future endeavours.

Drumline

Die drumline het in die tweede kwartaal 'n uiters suksesvolle kwartaal gehad. By hul drie optredes tydens die Grey-naweek (by die eerste hokkie- en rugbyspanwedstryd en by die gebruiklike Kultuuraand, wat vanjaar op die Donderdagaand plaasgevind het) het hulle gewys hoe 'n drumline moet klink.

Met hul ingewikkelde trom rand ritmes en goed afgeronde bewegings het hulle die Paul Roos-groep op hul neuse laat kyk.

Die derde kwartaal se begin is gewoonlik 'n baie besige en rowwe tyd vir die drumline, veral om al die nodige voorbereidings vir die Interskole te tref. Die leerders het hulle weer eens uitstekend van hulle taak gekwyt en het 'n paar wonderlike vertonings tydens die Interskoleweek, gelewer. Die drumline het die Saterdag tydens die hokkie- en rugbywedstryd van die eerste span almal van hulle voete af gespeel. Die seuns kan baie trots wees op hulle vertoning.

English debating / Redenaars

During the first term of 2023 the English debating boys had their annual 'camp' at the school where new members get to meet their coach and fellow debaters. In the weeks after that we had our first training sessions. Finally, we ended with the Boland League's opening ceremony and training session to prepare for the league starting next term in Stellenbosch. We are excited to compete in the league again.

The Paarl Boys' High debating squad took part in the last few rounds of the Boland Debating League in Stellenbosch during the past term. During this time there were varying degrees of success, especially because our squad consists of young and new debaters.

The highlight of the term's debating was the provincial debating rounds at UCT, during which our learners debated against various schools. We are thus very proud of Nathan Fobian, Daniel Warren, Francois Rademeyer, Helgard Nolte and Joshua Meyer who competed in the senior team, and Nicolaas Rademeyer, Nicolaas Kruger, William Gramh and Zakariya Sader who debated in the junior team.

We are also especially proud of Helgard Nolte (Gr 10) who was selected for the provincial debating team, and Nathan Fobian (Gr 12) who was again selected for the South African debating team who competed in Thailand earlier this term.

Rynard de Beer (gr 9D) het in die ATKV se nasionale ronde 'n gesamentlike vyfde posisie vir graad 8 en 9 Afrikaans Huistaal Voorbereid behaal.

CSV / SCSA

In die vierde kwartaal gee ons die graad 12's die geleentheid om hulle groepe te groet tydens die eerste week se kringe. Baie dankie aan ons twee hoofleiers, Nico Smit en Deon du Plessis, wat uitstekende leiding aan die kringleiers en die res van die skool gegee het tydens 2022. Ons wens ook ons hele matriekgroep die beste toe vir die toekoms en mag julle altyd leiding in jul geloof soek.

Die daaropvolgende paar weke kon die seuns aansoek doen om kringleiers te word in 2023. Vicus Kruger (jeugwerker) het bietjie met die manne kom gesels oor die verantwoordelikheid van 'n kringleier wees. Ons sien uit om volgende jaar op 24 Januarie met die manne te werk wat gemotiveerd is om in 2023 'n geestelike verskil in Hoër Jongenskool Paarl te maak.

Met ons laaste CSV-periode van die jaar het Gielie Jordaan die seuns op die gras voor die skool toegesprek. Hy het die seuns aangemoedig om vir God op te staan in tye waar baie jongmense nie regtig die moeilike keuses wil maak nie. Hy het baie seuns geïnspireer om weer opnuut vir God eerste te stel.

Ons is opgewonde oor wat God vir Hoër Jongenskool Paarl in 2023 beplan. Wees veilig tydens die vakansie en geniet die tyd saam met familie en vriende. Dankie vir al die gebede van die ouers wat ons jaarliks dra.

In Hoër Jongenskool Paarl is ons bevoorreg om elke Donderdaggoggend 'n geleentheid te hê om vir 20 minute in kringe by mekaar te kom. Dit gee vir die seuns die geleentheid om te gesels oor ons geloof asook die

vaardighede wat ons in die lewe nodig om suksesvol te wees. Frans Daniel van der Merwe en Francois Rademeyer is ons hoofleiers vir 2023 en gee leiding aan 51 kringleiers en groepe. Die seuns het begin van die jaar opleiding ontvang van Vicus Kruger, wat vir hulle leiding gegee het in die aanbieding van die lesse asook hoe om hulle self te ontwikkel in so 'n spesifieke leiersposisie.

We use a Growth app on the group leaders' phones that have weekly lessons uploaded on the app; in addition, there are verses, questions and challenges for every week. This way all the group leaders have instant access to weekly notes directly from their phones.

Ons is baie bevoorreg by HJS se VCSV dat Vicus Kruger elke kwartaal vir ons kringe lesse uitwerk wat gefokus is op ons skool se seuns en alledaagse uitdagings. Ek het Vicus gevra om 'n kort opsomming te gee van dit waarmee ons die laaste twee kwartale besig was.

“With a year running at such a high pace, it is always important to make sure your focus is right. Our focus for the last two terms was first to be sure we ‘back’ ourselves enough in our faith, friendships, and sports/academics. When you ‘back’ yourself enough, you can easily stand up for what is right, and that is precisely why we looked at an easy 5-step principle: 1. **Pause** 2. **Read** 3. **Ask**; 4. **Yield**; 5. **Pray**.

“At the SCA, it is important for us to grow in leadership, character, and faith. So the question is ‘What if ...’ What is your ‘What if’ question and how does it make a difference in your life? We all constantly have that question, and it leads us to an expectation and often our expectations are so great or completely out of line that we experience disappointment. What do we do with disappointments? How do we deal with them? What does Scripture say about this? In the end, Jesus asks us to stand up for what is right. To ask if we don't know; and to be an example to each other in word and deed. Because in Paarl Boys' High we grow together, and we pray together.

Ds. Bekker het Donderdag 18 Mei saam met ons en die seuns Hemelvaart gevier deur die oggend in die saal 'n kragtige boodskap te lewer. Ons is regtig bevoorreg by HJS om soveel mentors en geestelike leiers by ons skool betrokke te hê.

Many thanks to Vicus Kruger who so faithfully writes the lessons for us that the groups can use for every Thursday morning's discussion. In the fourth team we finished our groups with the Grade 12s, because of the September record exam. We were privileged to welcome Messrs Robert Schultheiss and Erik Marais from Gideons International on Friday 25 August. They talked to the Grade 8 boys about Gideons International and the large number of Bibles that are distributed around the world every year. We greatly appreciate their time and effort and believe that the Gideons will continue this precious tradition with Paarl Boys' High School for many years to come.

Style Event

Die HJS Style Event het hierdie jaar op 25 April 2023 plaasgevind. Tydens die geleentheid stel nege finaliste die Boishaa-waardes prakties voor.

Daar was vyf tonele. Die eerste toneel stel die finaliste aan die gehoor en beoordelaars voor. Tydens die tweede toneel kon die seuns hul metgeselle saam met hul op die verhoog hê. Elke paartjie het hul gunstelingfiek of -reeks voorgestel en op die temalied gestap en dans. In die derde dra die seuns klere van hul eie styl – soos ons kan verwag om hul in die naweek te sien – en beantwoord ook 'n vraag wat aan hul gestel word. Sodoende wys hulle dat 'n ware Boishaaier weet hoe om homself voor mense op die beste moontlike manier ten toon te stel en ook dat hy oor die vaardigheid beskik om voor mense te praat.

Tydens die vierde toneel het die finaliste met Boishaa-swembroeke op die verhoog verskyn. Hierdie swembroeke is spesiaal vir die geleentheid ontwerp. Tydens hierdie toneel wys die seuns dat Boishaaiers na hul liggame kyk en weet dat gesonde liggame ook 'n gesonde gees huisves. Die vyfde toneel is effens formeel met pakke en 'n dame aan hul sy om aan die gehoor te wys dat hul weet hoe om 'n dame met die nodige respek te behandel.



Quintin Manuels was seremoniemeester en het hom uitstekend van sy taak gekwyt. Hy het die gehoor heel aand met sy humorsin vermaak. Die drie beoordelaars was Wilhelm en Ansu van der Sluys, en Joshua Kift, onderskeidelik oudleerders en 'n aktrise. Ons het ook die voorreg gehad om na Loukmaan Adams te luister tussen die verskillende tonele.

Die wenners was John van Niekerk (Mr Style), Frenchie Rademeyer (1ste Prins) en JD van der Merwe (2de Prins). JD was ook Mnr Fotogenies en John van Niekerk Mnr Persoonlikheid.

ATKV-Redenaars

'n Rekordgetal leerders het op Dinsdag 25 en Woensdag 26 April 2023 aan die ATKV-Redenaarskompetisie se eerste ronde deelgeneem:

Huistaal Seniors Voorbereid: Jan-Albert Botha

Huistaal Junior Voorbereid: Roald Coetzee, Willie Jacobs, Christopher Tait, Rynard de Beer en Robert Harris

Huistaal Junior Onvoorbereid: Robert Harris

Christopher Tait en Rynard de Beer dring deur na die halfeindronde wat op 24 Mei plaasvind en Rynard de Beer word gekies om op 17 en 18 Augustus by die nasionale finale ronde by ATKV-Goudini Spa te gaan deelneem. Christopher beklee die derde plek.

Oppie Tong

Rynard de Beer en Christopher Tait word ook gekies om aan die nasionale ronde vir die Oppie Tong-kompetisie te gaan deelneem as Wes-Kaapwenners in hulle onderskeie kategorieë:

Rynard: Oorredingstoespraak Individueel Onvoorbereid EN Oorredingstoespraak Individueel Voorbereid

Christopher: Motiveringstoespraak

Die nasionale ronde vind op 12–14 Oktober in Gauteng plaas

Ballet

At the PVE Prestige Gala **Cleto van Rooi** received the prize for Best Ballet Solo Repertoire (17 years) and Best Solo Advanced Amateur (17 years).

Blues@Boys

Ons Blues@Boys konsert by Oppiestoep was weer eens 'n reusesukses. Die seuns het hard gewerk vir hierdie aand en hulle het beslis nie teleurgestel nie.

LEIERSKAP

Prefekte 2023

Gedurende Augustus 2023 is HJS se 22 prefekte vir 2024 verkies. Die jaarlikse prefekteverkiesing het volgens 'n demokratiese proses oor twee rondes plaasgevind.

Die nuwe prefekte het, soos gebruiklik, 'n prefektekamp bygewoon. Hierdie kamp is gelei deur 'n paar onderwysers, mnre Derek Swart en Ettienne Cronjé, en mee Elmarié Götze en Poppie Terblanche. Ons was bevoorreg om vanjaar ook na mnr Andri Stander, spankultuurspesialis, te luister. Die kamp het tradisioneel ten doel om die nuwe leiers vertrouwd te maak met die eise wat gedurende hulpampstermyn aan hul gestel gaan word en om hul toe te rus om hierdie eise te hanteer.

Onderwerpe wat tydens die sessies behandel word, sluit in: leierskap en prefekskap aan HJS, waardes en tradisies en hoe dit in aksies omgesit word, konflikhantering, menseverhoudings en probleemgevalhantering. Lesingsessies is afgewissel met fisieke aktiwiteite en prettige spanbousessies.

Die hoofleeders word eers op die aand van die prysuitdeling aangekondig.

BEMARKING

HJS Lamveiling

Hierdie veiling wat op die veld voor die skool plaasgevind het, was vanjaar weer eens 'n reusesukses. Ons is dankbaar dat dit vanjaar met al die veilings baie goed gegaan het. Graag bedank ons al die skenkers van lammers en geldelike donasies asook Delico, BKB, die tafelgashere, die braaiers en ons wonderlike span personeellede wat gesorg het dat die lamveiling een groot fees was. Aan al die kopers en die afslaer, Appie Maritz: ons opregte dank vir julle bydrae om hierdie lamveiling weer eens so suksesvol te maak het. Graag bedank ons ook vir Albertus van Rensburg van Avondroodt vir die borg van die wyne vir die tafels.

Opedag

Soos in die verlede het ons weer as gevolg van die wye belangstelling twee opedae gehou, een vir dagskoliere en een vir koshuisleerders.

Die toer skop af by die hoofhek waarvandaan die prefekte ouers en leerders deur die skool (en koshuis) neem. By al die belangrike stasies (soos die gimnasium, musiekdepartement, Dramaklas, IT- , Skeinat- en RTT-klasse) is daar personeel wat met die seuns gesels oor hulle spesifieke vakgebied.

Ná 'n draai by die Bois Shoppe en Snoepie eindig die toer in die saal waar ons die verrigtinge afsluit met verskeie sleutelpersoneel wat aan die ouers inligting verskaf.

Dit is een van ons hoofbemarkingsgeleenthede en daarom is die toer ook op die webtuiste beskikbaar.

Wynveiling

Graag wil ons almal wat deel was van die WYNVEILING by Boschenmeer, van harte bedank vir julle hulp en bydaes.

Ek wil ons gasspreker, Jacques Fourie van Simonsvlei, bedank vir sy inspirerende toespraak. Baie dankie ook aan die afslaer, Dieter Schutte van BKB, vir jou puik aanslag. Sonder jou sou die aand nie so suksesvol gewees het nie.

Aan al die skenkers en donateurs van wyn, wynproeë, verblyfpakkette en getekende rugbytruie – baie dankie.

Aan al die tafel-wyngashere en tafelgashere – baie dankie vir julle hulp.

Dankie aan al die kopers wat ruim bygedra en gesorg het dat die 2023-veiling die suksesvolste wynveiling ooit was.

Ons wil ook vir Maryke van der Westhuizen en haar Golfing Goat-span bedank vir hulle puik diens by Boschenmeer.

Dan wil ek graag die hele Boishaai-span bedank sonder wie se jarelange getroue ondersteuning die veilings nie sulke groot hoogtes sou bereik het nie.

SOCIAL EVENTS

Paintball

What a wonderful experience and way to end of a year for the Gr 8A class of 2022!

Adrenaline, adventure and most importantly fun is how these boys would describe a day of shooting paintballs at each other.

GR 10 dinee

Die graad 10's was bevoorreg om op 7 Desember hulle dinee te kon bywoon. Dit was 'n wonderlike gesellige aand by Rusticana en die seuns het hulself gate uit geniet en baie goed gedra. Die dinee word deur die graad 10 VRL-lede, juf. Redelinghuys en graad 10.

Blue Day-gholfdag

HJS Paarl se Blue Day-gholfdag het op Donderdag 13 Oktober te Boschenmeer-gholfklub plaasgevind. Hierdie jaarlikse uitblinkgeleentheid word nie sommer deur ons ouers en oudleerders gemis nie en al 32 vierballe is vroeg reeds uitverkoop. Die dag is gekenmerk deur die passievolle betrokkenheid van ons ongelooflike borge wat bygedra het tot fantastiese pryse, veilingsitems, teenwoordigheid op die gholfbaan en saamkuier by die funksie na afloop van die gholfe. Die kunstenaar, Juan Cassey, het ook ons gaste vermaak met 'n paar stories en 'n liedjie of twee.

Die winners van ons 2022 Blue Day-gholfdag was die vierbal onder leiding Chris Jordaan.

Mike McCully's That 80's Show

Op Vrydag 25 November het HJS Paarl hul eerste McCully's-buiteligkonsert, waartydens die orkes McCully's Workshop musiek gemaak het, by Brugstraat aangebied. Ongeveer 300 mense het die geleentheid bygewoon. Die voorvertoning was Derek & the Dominant Ous'. Dit was 'n uiters geslaagde en genotvolle aand. Daar is tot na 22:00 op Brugstraat se atletiekbaan gedans. Hierdie konsert se is aangebied ten bate van die HJS-atletiekfonds.

Personeelfunksie

Ons kategoriewenners wat tydens die personeel se jaareindfunksie aangewys is, is: Mnre Swart (skoolhoof), De Vries (Kordaatstuk), Grain (Nuweling van die Jaar), Pieter van Zyl (Inisiatief), me Terblanche (gesamentlik Onderwyser van die Jaar). Afwesig was me Mc Farlane (gesamentlik Onderwyser van die Jaar)

Leerlingraadbal

In Maart het HJS se prefekte Paul Roos Gimnasium se jaarlikse leerlingraadbal in Stellenbosch bygewoon. Leerlingraadslede van 41 skole in die Wes-Kaap het hierdie geleentheid bygewoon. Dit was 'n spesiale geleentheid om die leiers van verskeie skole te ontmoet en idees uit te ruil. Dit was werklik 'n besondere geleentheid vir almal teenwoordig.

Matric Day

Our annual matric camp took place on 2–3 February.

The camp involved a lot of play and some competition between register classes. The matrics had a soccer and a potjiekos competition on the Thursday evening. We also had the Boishaai Street Mile race, won by Leonardo van der Werf (12B). The matrics completed a full circle experience by sleeping on the field in front of the school, just like they started their Grade 8 year, but without the parade drill!

On Friday 3 February the matric group alla enjoyed a delicious breakfast, after which the great fun started: slip-a-slide, trolley race, touchies against teachers, truck pull and a tube race in the pool. We ended this enjoyable day of fun and being a child with a watermelon party.

The results of the competitions on the camp:

ITEM	WINNERS
Potjiekos	12A
Street Mile	12B
Soccer	12B
Truck pull	12B
Trolley race	12E
Tube race	12B

Graad 8-kamp

Die kamp wat elke jaar twee dae voordat die skool vir skoliere open gehou word, speel 'n baie belangrike rol in die vestiging van die HJS-etos onder hierdie nuwe groep leerlinge.

Op Maandag 16 Januarie het al die graad 8-leerlinge vir 2023 op die veld voor die skool aangetree. Hulle is verwelkom deur die graadhoofde, mnre T van Zyl en A Blom, en al die prefekte, wat die res van die jaar as voogde vir die graad 8's sal optree.

Die graad 8-seuns het die geleentheid gekry om deur die museum te beweeg.

Ná die besoek aan die museum is die seuns op die tradisionele bergguitstappie met die “Ladies”. Op die berg het hulle die Boishaai-waardes, die skoollied en Interskoleliedjies aangeleer. Hulle het 'n paar ure later moeg maar vol gees teruggekeer.

Die braaivure is aangesteek en die aand is met die skoollied afgesluit. Hulle het die aand op die veld voor die skool moeg maar tevrede gaan slaap.

Dinsdagoggend ná ontbyt is hulle na Brugstraat waar die graad 8-atletiekbyeenkoms gehou is.

The camp ended in the hall with a special ceremony where the boys and their parents were officially welcomed by the headmaster, Mr Derek Swart, after which they sang the school song.

Our thanks to all the prefects, Mr Arno Blom, the kitchen staff, and Mr Ettienne Cronjé and the “geeskomitee” for all their help.

Wolfbergskeure-staptog

Tien van ons skool se personeel en seuns het gedurende die Aprilvakansie die Wolfbergskeure-staptog aangedurf en suksesvol voltooi. Die hoofroete van slegs 16 km het hulle 10 uur geneem om te voltooi weens die moeilikheidsgraad daarvan. Dit was 'n onvergeetlike avontuur vir almal betrokke.



KOSHUISE

Monte Bello-koshuis se seuns het prestasiegewys 'n baie goeie jaar agter die rug. Die seuns het op verskeie vlakke presteer, maar van die noemenswaardigste prestasies is Josh van der Merwe wat vir Namibië se senior hokkiespan gespeel het asook, Thurlon Williams, Shah-Jehaan de Jongh en Matthew Fick wat vir die SA-Skole Rugbyspan gekies is en Jameel de Jongh wat vir die SA-Skole A-span gekies is. Die jaar is, soos wat die gewoonte is, formeel afgesluit met 'n dinee wat in die studiesaal gehou is. Die geleentheid is tradisie by Monte Bello en is 'n hoogtepunt op al die Monte Bello-inwoners, spesifiek die matrieks, se kalender. Dit was 'n baie gesellige aand met 'n baie huislike atmosfeer wat eie is aan die koshuis. Ons nuwe hooseun en onderhoofseun, naamlik Luke Swartz en Francois Rademeyer, asook die prefekte van 2023, Stephan Rossouw, Gideon van der Westhuizen en Josh van der Merwe is by die geleentheid aangekondig. Die koshuisbestuur wens al die Monte Bello-manne en hulle families 'n besonderse vakansie en feestyd toe

Imhoff se afsluitingsfunksie is gedurende die eerste week van die vierde kwartaal te Bossa Nova gehou.

Bellevue het hulle jaarlikse matriek-soesji-ete by Asami Durbanville gehad waartydens die soesjirekord van ses en twintig bordjies soesji deur een persoon geëet nie verbeter kon word nie. Die hele koshuis het by Jackson & Black geëet. Die hoofleiers van 2023 is tydens hierdie geleentheid aangekondig. Dit leiers is: Christiaan Burger (hoofseun), Frans-Willem van der Merwe (onderhoofseun) en die prefekte: Juan Loots, Divan Fuller, Marius Basson, Marno Pretorius, Hein-Willem Rabbets, HB Odendaal, Hein Wilken, Heinrich Andrag en Christie Visser.

Werda

Op Woensdag, 23 November het die Werda-seuns hul jaarlikse koshuisete by Jackson & Black gehad. Meneer Blom en mnr. Swart het onderskeidelik toesprake gemaak waartydens die seuns bedank is vir die lekker jaar en is sterkte toegewens vir 2023. Daarna het almal baie lekker saam geëet en vir oulaas saam gekuier as 'n koshuis. Werda kry ses nuwe prefekte vir 2023. Ons sien uit om hul elkeen in die koshuis te verwelkom en te sien hoe hul die nuwe gr. 8's gaan mentor en leiding gee. Dit is die volgende:
Daniel Koegelenberg, John Dorman, Julian Piper, Zandré Grobbelaar
Thomas van Heerden, Thando Wekeni

CONCLUSION

We would like to thank everyone who had again contributed and supported us to make this yet another memorable year, sincerely. It is our sincere wish that the standard of achievement by Paarl Boys' High, will not only inspire others but also ourselves to lift the bar and achieve even more milestones in 2024.

TANDEM FIT ARBOR SURCULUS

Derek Swart
Headmaster

